Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

8 November 2015

OGGENDDIENS: Ds. Karel

Vanoggend gaan ons die wonder beleef dat ses jongmense hulle geloof in die drie-enige God hier bely. Baie seën word hulle toegebid:

Anja Buijs, Christiaan Burger, Leoné de Villiers, Meyer Olivier, Ihanté Rheeder en Hendrico van Rooyen

Skriflesing: Kolossense 1:9-23
Fokusverse: Kolossense 1:22-23
Tema: Staan sterk en vas deur jou geloofshuis op stewige fondamente te bou!

'n Fondament is sekerlik die belangrikste deel van 'n huis. As die fondament sterk is, kan dit selfs 'n groot aardbewing deurstaan, maar as die fondamente swak is, val die huis sommer maklik inmekaar. Dit is 'n feit dat die gelowiges in Kolosse goed geweet het. Hulle het in 'n gebied gebly waar daar heelwat aardbewings was en hulle het geweet dat 'n huis met 'n swak fondament nie lank sal kan staan nie.

Paulus maak hierdie alledaagse beeld van toepassing op die geloofslewe van elke gelowige. Hy noem eers dat ons reeds glo en reeds gered is, maar dat ons geloof net kan staande bly as ons dit bou op behoorlike fondamente. Kom ons vind vanoggend uit, saam met die jongmense wat hulle geloof gaan bely, wat hierdie fondamente is en hoe ons staande kan bly wanneer die skokke van die lewe ons geloofshuis se fondamente toets.

Vooraf sang
Lied 175:1 en Lied 177:1

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 18-1:14; Votum; Seën; Loflied Ps. 149-2:1, 2, 4; Geloofsbelydenis: Apostolies; Sing Lied 168:1, 3

Verootmoedigingsdiens
Wet: Matteus 22:34-40; Sing Lied 525:1, 3; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Sb. 3-2:1, 3, 5 (Melodie van Sb. 18-6); Woordverkondiging; Belydenisaflegging

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Sing Sb. 3-4:1, 2, 3, 5; Seën; Amenlied Sb. 13-3

VANAAND: Groepbedieninge
Ds Piet se groep kom om 18:00 by die kerk bymekaar.

MEELEWING

- Harm Moraal (Groep 28 – 073 944 0519) is in 'n hospitaal in Johannesburg opgeneem met vog op die longe en 'n hoë infeksietelling. Hy is baie swak en sal 'n geruime tyd daar deurbring om gesond te word. Intussen word steeds toetse gedoen om die oorsprong van die infeksie vas te stel.

- Paul du Plessis (Groep 37 – 084 504 6640) se operasie in Klerksdorp het goed afgeloop.
- Eric Aspeling (Groep 29 – 082 327 7886) se rugoperasie in Pretoria het goed afgeloop.
- Marthie Schutte (Groep 14 – 082 597 8589) gaan Maandag vir ’n operasie in Klerksdorp.
- Isak van der Walt (Groep 26 – 082 703 1874) het Vrydag ’n knievervangings-operasie in MooiMed ondergaan.
- Ina Jordaan (Groep 38 – 082 375 7666) sterk goed tuis aan nadat sy verlede Saterdag geval het.
- Mienie Mouton (Groep 13 – 083 255 6842) het geval en haar skouer gebreek. Sy was in die hospitaal opgeneem, maar sterk weer tuis aan.
- Sterkte aan al ons studente en skoliere die jaareindeksamen. Ook aan al die onderwysers en dosente met die baie merkwerk wat voorlê.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap, herstel en troos sal gee.

ONS GROET

- Thinus, Letitia en Jovanni Steenberg wat met attes na Geref. Kerk, Parys vertrek.
- Pieter Minnaar wat met attes na Geref. Kerk, Thabazimbi vertrek.
- Suzette Velloen wat gemeenskap met die Gereformeerde Kerk opsê.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Srs Filina Coetsee, Marianne Kruger, Bettie Ras, Janet vd Walt, Hester Buys, Kosie Kruger, brs. Isak vd Walt, Tjaart Snyman en Fanie Bezuidenhout.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hier-die week vir:
siekes@oosdoppers.co.za of
Hendrik vd Walt (079 022 2526)

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Ons wil ook graag ’n vriendelike versoek rig, dat u nie op die gemeente se elektroniese sms-stelsel terugantwoord nie, maar asb die kerkkantoor bel of ’n e-pos stuur, aangesien dit ’n rekenaar-sms is.

KONTAKBESONDERDE: PREDIKANTE & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Ds. Karel: 018 294 3067 / 072 476 8794
Kerkkantoor: 018 290 7690

AFKONDIGINGS

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Tee en Koffie
Kleuterbediening
18:00 Groepbediening

Maandag
17:15 Maandtelling (Fin. diensgroep)
18:00 Kersmark

Dinsdag
06:00 Manne-ondersteuningsgroep

Woensdag
09:30 Bybelstudie: afsluiting aan huis van Paul en Marie du Plessis
18:30 Gebeds- en Ondersteuningsgroep
19:00 Bybelstudie: afsluiting aan huis van Paul en Marie du Plessis

Donderdag
18:30 Ouderlinge vergadering

Volgende Sondag
Nagmaal

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 8 November

Sr Sonja Booyens	083 442 9844
Sr Renette de Klerk	073 800 0426

Maandag, 9 November

Sr Elzari Nortjè	076 581 9557

Dinsdag, 10 November

Br Johan Rousseau	082 550 0440
Sr Janet vd Walt	082 493 1827

Woensdag, 11 November

Br Fanie Bezuidenhout **(78)**	076 160 1884
Sr Elize Schutte	082 921 9334
Sr Estie vd Westhuizen	073 144 9069
Sr Vicky Viviers	083 566 7631

Donderdag, 12 November

Sr Annike Kruger	082 864 6760
Jsr Nicole Smits	018 290 9260
Sr Harriet vd Walt **(83)**	073 520 8783

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir Bedieningshulp.
- Gawe volgende Sondag vir die Voorsieningsfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 15 en 16.

DANKIE AAN ONS KATEGETE en KLEUTERBEDIENINGSPAN

Ons wil baie dankie sê aan al ons kategete wat vanjaar baie moeite en tyd opgeoffer het om ons kinders op Sondae en in die week in die Woord van die Here te onderrig. Dit is kosbare saaiwerk in die lewe van ons verbondskinders en ons bid dat die Here dit aan hulle harte sal seën. Ons sien die vrug daarvan ook vanmore met verbondskinders wat belydenis van hulle geloof doen. Baie dankie ook aan Gerhard Turkstra wat elke Sondag die opening hanteer en ons katkisasiesake reël.

Kategete:
Gr 1 – Wilna Stavast
Gr 2 – Sonja Olivier
Gr 3 – Antoinette Coetzee
Gr 4 – Anrie v Schyff
Gr 5 – Elsie Buijs
Gr 6 – Herman Stavast
Gr 7 – Annari Schutte
Gr 8 – Riaan Andersen, ds Piet
Gr 9 – Hendrik Naudè, ds Piet
Gr 10 – Sarita du Preez, ds Karel
Gr 11 – Huib v Hamburg, ds Karel

Baie dankie aan Chantell Leach en haar span (o.a Zané Labuschagne, Cindy du Plessis en Engela van der Walt) wat elke Sondag tydens die prediking ons voorskoolse kinders bedien met die Woord. Dankie vir die liefde en moeite wat elke keer ons kleintjies se harte raak.

KENNISGEWINGBORD

- Riviertoer 2-6 Desember. Alle Hoërskoolleerders
- Boek: Christus Alleen in Psalm 110

ALMANAK 2016

Die Almanak 2016 is in die kerkkantoor beskikbaar @ R70.

GEBEDS-GELEENTHEID OM REëN

Die Gebeds- en Ondersteuningsdiensgroep nooi alle lidmate uit om eerskomende Woensdag, 11 November, saam met ons by die kerkgebou bymekaar te kom en te bid vir die gemeente en dat die Here reën sal uitgiet oor ons land. Ons kom om 18:30 bymekaar by die kerkgebou en behoort teen 19:30 af te sluit.

Mooirivier Kersmark

Liewe gemeente
Slegs 3 weke voor die Kersmark afskop, op 28 November!

Ons benodig nog hulp!

Sien die tabel hieronder wie die skakelpersone is vir die verskillende afdelings. **Die lyste in die voorportaal van die Skuur is daar vir jou gerief om jou naam asseblief op te skryf.**

Hulp word benodig by die volgende afdelings:	Skakel-persoon	Selnommer
Restaurant	Corrie du Plessis	072 909 0715
Etes: "Die Tafel"	Hestie J v Rensburg	072 383 9510
Toesighouers	Susan Lourens	073 898 0181
Kassiere	Marie Oosthuizen	082 929 3834
Hulp met versiering van Skuur	Susan Steyn	079 595 1502
Algemene hulp	Adele Delport	082 532 8658
Bemarking/ Advertensie	Rieëtte Venter	082 898 4197

Bemarkingsgeleenthede
Met die 7 500 gaste wat die Kersmark jaarliks besoek, bied dit vir besighede 'n ideale bemarkingsgeleentheid. Makelaars, prokureurs, eiendomsagente, reisagent-skappe, ens. kan hul produkte / spesiale aanbiedings hier ten toon stel teen 'n vaste bedrag vir die week. Nedbank het ons reeds genader en is een van die eerste groot besighede wat op ons terrein bemarking sal doen.
Skakel gerus vir Rieëtte (082 898 4197) of Adèle (082 532 8658) indien u, of enige van u vriende met besighede in die geleentheid belangstel.

Restaurant
Die Restaurant benodig nog **bediendes** vir 8 skofte om met opruiming in die kombuis te help. Kontak asb vir **Corrie du Plessis (072 909 0715)** indien u bediende vir 'n dag of meer kan help.

Ons benodig ook nog 'n paar **kelners** tydens die Kersmark. Kom verdien 'n ekstra geldjie vir die vakansie! Kontak Alta v Zyl (079 873 7922)

Vensterplakkate
Daar is reeds vensterplakkate beskikbaar op die tafel in die Skuur. Neem gerus en sit vir ons op by besighede, dokters, haarkappers, skole, kleuterskole, winkels, ensovoort.

Susters

Hand 2:46–47a

"Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaar gekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap in alle eenvoud geëet en God geprys."

Dankie aan elke suster vir haar dienswerk in ons Here se kerk

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die Skuur bedien onder die leiding van Marna Naude (groep 10), Wilma Viviers (groep 11), Lien Malan (groep 26), Engela vd Walt (groep 38) en Marie Oosthuizen (groep 41).

Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help! **Ons moedig susters en broers aan om te kom help met die skink en opwas – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!**

Baie dankie aan elke dame wat vandag 'n bordjie eetgoed gebring het sodat ons saam met die Belydenisklas en hulle ouers kon kuier.

GESAMENTLIKE SUSTERSAFSLUITING – DINSDAG, 17 NOVEMBER

Die Gesamentlike Sustersafsluiting word hierdie jaar deur Potchefstroom-Die Bult aangebied op Dinsdag, 17 November.
Skryf asb jou naam op die besprekingslys in die Skuur indien jy die heerlike geleentheid kan bywoon. **Slutingsdatum vir besprekings: 10 November.**

SUSTERSBYDRAE

Kyk gerus uit vir ons **bruin koevert waarin jy jou sustersbydrae** kan sit en in die kluis kan gooi! (Beskikbaar op die tafel in die kerk se portaal en ook in die skuur se portaal).
Die susters se fondse word verkry uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) en die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, hoofsaaklik in Potchefstroom, donasies gegee.

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	AKTIWITEIT
08-Nov	**Sondag**	**09:00**	**Almal**	**Belydenisaflegging**
15-Nov	**Sondag**	**12:00**	**Blok A**	**Nagmaalete**
28 Nov- 5 Des	Sat – Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark
29-Nov	Sondag	18:00	Almal	Kerssangdiens by Bultgemeente

OOSDOPPERTJIES

Hier aan die einde van ‘n skooljaar is dit by al julle skole tyd vir prysuitdelings.
Baie van julle maats het baie hard geleer en mooi pryse daarvoor ontvang en ons is saam baie trots op julle. Maar ons moet altyd onthou dat dit een van die gawes is wat God vir ons gee om ‘n gesonde verstand te hê en hard te kan leer. Daarom is die kinders wat nie pryse ontvang het nie, nie minder belangrik nie – inteendeel, hulle het weer ander gawes van God ontvang om te gebruik.

Vandag lees ons van ‘n koning in die Bybelkoerant wat ‘n baie belangrike keuse gemaak het – kom ons probeer ook om altyd Gehoorsaamheid aan God en Insig te kies!

JONG KONING KIES INSIG

GIBEON – Die nuwe jong koning van Israel, Salomo, seun van Dawid, het laasnag hier die geleentheid gekry vir iets waarvan die meeste mense maar net in feëverhale hoor: hy het die geleentheid gekry om te kies net wat hy wil hê.
Koning Salomo, wat maar pas sy vader Dawid as koning opgevolg het, het hierheen gekom om te kom offer – ‘n duisend brandoffers. Dit is toe dat die Here in ‘n droom aan hom verskyn het met die ongelooflike aanbod dat hy kan kies net wat hy wil, en hy sal dit kry. En net so ongelooflik was sy keuse: nie rykdom of aansien, sukses of ‘n lang lewe nie, maar – gehoorsaamheid aan God en insig!
‘n Paleiswoordvoerder het baie mense se gevoelens opgesom toe hy hierop gereageer het met die woorde: “Dit wys net hoekom hy die koning is en nie ek nie. Ek wonder net of iemand wat die wysheid het om so ‘n keuse te doen, nog insig nodig het?”

Lees meer hiervan in 1 Konings 3:2-15

Baie dankie aan Adèle wat elke week vir ons die Oosdoppertjies se rubriek hanteer.
ds Piet.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

HUIZEMARK
EIENDOMSAGENTSKAP
ONS HET VOORDUREND POSTE BESKIKBAAR VIR AGENTE EN BEMARKERS
ONS DOEN :
Verkope & Verhurings
* Huise, * Woonstelle,
* Meenthuise,
* Besigheidspersele,
* Plase, * Plotte
huizemark you're home
VIR ALLE EIENDOMSBEHOEFTES SKAKEL
Rolene vd Walt
082 859 6209
Linda Nolte
082 785 3951